Werkloosheid: Die Ekonomie Blog

http://ekonomieblog.me/tag/werkloosheid/

Suid-Afrika staar verskillende uitdagings in die gesig, waarvan werkloosheid een van die belangrikste is. Die arbeidsmark is die onderwerp van menige studie en in hierdie weblog wil ons jou graag meer vertel van die nuutste werk deur Lyle, Kasongo, Moses and Yu wat onlangs by ERSA gepubliseer is.

Na 1994 is 'n groot klomp nuwe wetgewing ingestel. Dit was gemik daarop om die onregverdighede van die verlede reg te stel en 'n meer gelyke samelewing te bevorder. Die arbeidswette veral het 'n nuwe minimum standaard van arbeidsvoorwaardes ingebring, en dit het ook die indiensneming van nie-blankes



aangemoedig, en so begin met die regstelling en vermindering van die sosiale ongelykhede wat so inherent in die Suid-Afrikaanse samelewing is.

Verskeie studies het al gekyk na die oorspronklike impak van die nuwe arbeidswetgewing in die jare net na apartheid (die eerste 10 jaar of so), maar die nuutste navorsing het tot en met 2013 nagevors. Hulle stel voor dat die grootste uitdaging vir die SA-arbeidsmark die aanhoudende hoë vlakke van werkloosheid is wat aanhou om die SA-ekonomie te teister. Daar is menige redes wat hulle hiervoor aanvoer:

- 'n Onderwysstelsel wat deurlopend baie nuwe werknemers met onvoldoende opvoeding produseer. Die impak van die 1953 Bantu Opvoedingswet is nog nie heeltemal reggestel nie, en dit beteken elke jaar is daar nog baie onbevoegde jongmense wat die arbeidsmark betree.

- Loonrigiditeit as gevolg van die nuwe arbeidsmarkwetgewing, wat bedoel was om werkers meer beskerming en regte te gee: Hierdie minimum loon wat baie keer bo die mark (market clearing) prysvlak is, beteken werkgewers kan nie soveel mense aanstel soos hulle dalk sou wou nie.
- Onrealistiese reserwelone: Gegradueerdes verwag ŉ hoë salaris, en baie individue is huiwerig om die arbeidsmark te betree en werk te aanvaar as dit nie meer gaan wees as wat hulle sal kan verdien by die huis deur maatskaplike toelaes nie. Dit is veral die geval onder mense wat of baie kinders het, of baie ou mense het wat in hul huis bly.
- ŉ Klein informele sektor met groot hindernisse tot toegang: Dit beteken dat die mense wat nie in die formele sektor werk kan kry nie, ook nie in die informele sektor werk kry nie as gevolg van slegte infrastruktuur en swak toegang tot kredietmarkte.
- Stadige werksgroei: Die spoed waarteen nuwe werksgeleenthede in die ekonomie geskep word, is nie vinnig genoeg om aan al die nuwe werknemers werk te gee nie, en dit beteken dat werkloosheid aanhou groei ten spyte van meer werksgeleenthede wat nou beskikbaar is sedert 1994.

Langtermyn arbeidsmarktendense sedert 1994.

Die arbeidsmag het met meer as 8.5 miljoen mense gegroei sedert 1994.

- ŉ Verhoging in die aantal mense wat die arbeidsmark betree soos meer mense na 1994 begin werk soek het. Saam met die sterk groei in die bevolking, beteken dit die arbeidsmag het in 2014 meer as 22 miljoen mense gehad.
- ŉ Verhoging in die aantal mense wat werk het, van ongeveer 9 miljoen in 1995 na 15 miljoen in 2014.

- Aanhoudende hoë werkloosheid – met die ‘narrow definition’ koers wat gegroei het van 17% in 1995 na 25% in 2014.

Hoe lyk die SA arbeidsmark vandag?

- Arbeidsmagdeelname: Swartmense maak die grootste deel van die arbeidsmag (76%) uit, met 46.4% van die totale arbeidsmag in Gauteng en die Wes-Kaap. Daar was ’n afname in die aandeel mense wat glad nie skoolopleiding het nie, en 17% van die arbeidsmag het nou een of ander na-matriekkwalifikasie. Die arbeidsmag in stedelike gedeeltes het ook meer as verdubbel (van 7.5 na 15.5 miljoen mense).
- 

  Meer as 3.5 miljoen nuwe werkslgeleenthede is geskep.

  Indiensneming: Meer as 3.5 miljoen nuwe werksgeleenthede is sedert 1994 geskep. Swartmense tel nou as 73% van almal wat werk het, en blankes net 13%. Die groei in swart-indiensneming is as gevolg van die beter opleiding wat swartmense nou ook kan kry, asook regstellende aksie-beleide. Dit het ook gehelp dat vroue se aandeel in indiensneming gegroei het van 39.1 na 43.9%. Daar was ook ’n groot afname in die aandeel van mense wat geen opleiding het nie (8.1% na 2.4%) en jongmense (11.8% na 8.7%) in die arbeidsmark, terwyl mense bo 45 nou 28.9% van alle werkers is. Dit wys dat daar ’n groei in vraag is na geskoolde arbeid van werknemers, en dit bevestig ook die regering se jeugloonsubsidie.

- Werkloosheid: Werkloosheid het met amper 2.8 miljoen mense gegroei oor die tydperk; swartmense is steeds die bevolkingsgroep met die hoogste persentasie werkloosheid. Daar was wel ’n afname in plaaslike werkloosheid, soos meer mense na stede beweeg het, terwyl werkloosheid onder die jeug steeds baie hoog is – meer as 49%. Die werkloosheidskoers tussen mans en vroue het ook verminder, terwyl blanke- en bruinwerkloosheid steeds die minste is, al het dit sedert 1994 toegeneem. A groot probleem is die toename

in dié wat langtermyn werkloos is – soveel so dat 71% van mense onder 24 jaar nog nooit enige werk gedoen nie. Dit wys daarop dat daar aktiewe arbeidsmarkwetgewing nodig is om die jeug aan te moedig en te help om hul eerste werk te kan kry.

Samevatting

- Die arbeidsmag en arbeidsmagdeelname het sterk gegroei sedert 1994.

"In 2013 was meeste van die werkloos jong mense onder 30, swart mans, wat woon in die stedelike gedeeltes van Gauteng en nie volledige hoërskool opleiding het nie".

- As gevolg van die stadige groei in werkskepping, beteken dit dat werkloosheid nie verminder nie, en sosiale ongelykhede is ook nie aansienlik verminder of verbeter nie.
- Ras speel steeds 'n baie groot rol in indiensneming, ten spyte vanregstellende aksie-wetgewing ofswart ekonomiese bemagtigingsinisiatiewe. Daar bly steeds aanhoudende ongelykhede tussen swart en ander rasse in Suid-Afrika.
- As gevolg van strukturele verandering in die SA-ekonomie, 'n skuif van die primêre sektor na tersiêre sektor-goedere en -dienste, was daar 'n verhoging in die vraag na geskoolde arbeid in die tersiêre sektor. Dit mag die oorsaak ook wees dat die indiensneming van ouer mense ook vermeerder het as gevolg van hul ervaring en hoër vaardigheidsvlakke.
- Die bevolking het meer opgevoed geword en geslagsgelykheidswetgewing het ook 'n positiewe impak op vroue se indiensneming en lone gehad.